



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 11 DESEMBER 2024 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Ander raadslede:

Die Speaker, rdh M A Rangasamy

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Senior Bestuurder: Begrotingskantoor, me H Papier
Bestuurder: Sekreatriaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl A K Warnick om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 DIREKTEUR: ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE: TERUGVOERING INSAKE BUITELANDSE BESOEK: USTDA MUNICIPAL REVERSE TRADE MISSION

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem dat die doelwit van die USTDA *Municipal Reverse Trade Mission* (RTM) is om volhoubare energie in munisipaliteite te bevorder en om vennootskappe te bou tussen die publieke en privaat sektore in die USA en Suid-Afrika.

Die besoek het gefokus op hernubare energie integrasie, energie doeltreffendheid, gemeenskaplike beleidsraamwerke en ander tegniese en sosio-ekonomiese raakpunte. 'n Verdere hoofdoel was vir die USA om geleenthede in Suid-Afrika te identifiseer vir moontlike investering in projekte, inisiatiewe en ontwikkelings.

'n Verslag sal deur USTDA opgestel word met die behoeftes wat tydens die besoek geïdentifiseer is en die geleenthede vir moontlike samewerking.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES

4.1/...

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 21 NOVEMBER 2024

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 21 November 2024 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Geen

6. MAANDVERSLAG: OKTOBER 2024

6.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7)

Die maandverslag van die Kantoor van die Munisipale Bestuurder word ter tafel gelê en noem die Munisipale Bestuurder dat die lae kapitaalspandering kommer wek, maar dat die regstellings in die 2024/2025 Aansuiweringsbegroting in Januarie 2025 'n positiewe effek sal hê op die kapitaalspandering.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Kantoor van die Munisipale Bestuurder ten opsigte van Oktober 2024.

6.2 DIREKTORAAT: KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

Die maandverslag van die Direkoraat: Korporatiewe Dienste word ter tafel gelê en –

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat: Korporatiewe Dienste ten opsigte van Oktober 2024.

6.3 DIREKTORAAT: FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)

Die maandverslag van die Direkoraat: Finansiële Dienste word ter tafel gelê en –

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat: Finansiële Dienste ten opsigte van Oktober 2024.

6.4 DIREKTORAAT: SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste bevestig dat die waterverbruik met 18,6% toegeneem het in vergelyking met die voorafgaande hidrologiese jaar. Indien hierdie tendens voortduur sal die Munisipaliteit se toegang tot waterbronne vinniger uitgeput word deurdat die maksimum onttrekking van water uit die stelsel voor die bepaalde teikendatum bereik sal word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat: Siviele Ingenieursdienste ten opsigte van Oktober 2024.

6.5/...

6.5 DIREKTORAAT: ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die maandverslag van die Direkoraat: Elektriese Ingenieursdienste word ter tafel gelê en –

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat: Elektriese Ingenieursdienste ten opsigte van Oktober 2024.

6.6 DIREKTORAAT: ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

Die maandverslag van die Direkoraat: Ontwikkelingsdienste word ter tafel gelê en –

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat: Ontwikkelingsdienste ten opsigte van Oktober 2024.

6.7 DIREKTORAAT: BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3}

6.7.1 PRESTASIEBESTUURVERSLAG

6.7.2 VERKEER- EN WETSTOEPASSINGDIENSTE

6.7.3 BRANDWEERDIENSTE

Die maandverslae van die Direkoraat: Beskermingsdienste word ter tafel gelê en versoek die Direkteur: Beskermingsdienste dat die publiek daarop attent gemaak moet word om versigtig te wees wanneer daar vuur gemaak word en om toe te sien dat braaivleisvure ordentlik geblus word.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die inhoud van die maandverslag van die Direkoraat: Beskermingsdienste ten opsigte van Oktober 2024.

7. NUWE SAKE

7.1 HANDVES VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE (5/15/1/3)

Die Handves van die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee bevat die rolle en verantwoordelikhede van lede en moet op 'n gereelde basis hersien word vir goedkeuring deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Handves van die Munisipale Prestasie, Risiko en Ouditkomitee goedgekeur word en deur die lede van die komitee aanvaar word vir hulle om bewus te wees van hul verantwoordelikhede.

7.2 NOTULES VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE GEHOU OP 20 AUGUSTUS 2024 EN 27 AUGUSTUS 2024 (5/15/1/3)

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003.

Die notules van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergaderings onderskeidelik gehou op 20 Augustus 2024 en 27 Augustus 2024 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

Besluit/...

7.2...

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notules van die Munisipale Prestasie, Risiko en Ouditkomitee se vergaderings op onderskeidelik 20 Augustus 2024 en 27 Augustus 2024.

7.3 VERVREEMDING VAN ERF 11793 (GEDEELTE VAN ERF 11654), MALMESBURY (TENDER L02/24/25)

Die verslag tot die sakelys bevat die prosesse wat gevolg is om Erf 11783 (gedeelte van Erf 11654), Malmesbury by wyse van Tender L02/24/25 te vervreem.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat kennis geneem word van die prosesse wat gevolg is vir Tender L02/24/25 (Verkoop van Erf 11793, gedeelte Erf 11654 Malmesbury) om toegeken te word aan K M Abdi ten bedrae van R202 500.00 BTW uitgesluit;
- (b) Dat die oordrag van die bate (onderwerp eiendom) aan K M Abdi goedgekeur word, en die Verkooppoorenkoms onderteken word deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste.

7.4 HERNUWING VAN VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN MUNISIPALE GEBOU GELEë OP 'N GEDEELTE VAN ERF 13044 TE WESBANK SPORTGRONDE, MALMESBURY AAN DIE MALMESBURY PHYSICAL CULTURE KLUB (17/9/2/2/2-8)

Die Malmesbury *Physical Culture*-klub huur 'n gedeelte van 'n munisipale gebou by die Wesbank Sportgronde op 'n jaarlikse basis met die doel om gewigoptel te beoefen en te bevorder vir diegene wat in die sport belangstel.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014) goedkeuring verleen word vir die verhuring van 'n gedeelte van die munisipale gebou, geleë op 'n gedeelte van Erf 13044 Malmesbury by die Wesbank Sportgronde, Alfastraat aan die Malmesbury Physical Culture Club, onderworpe aan die standaard voorwaardes asook die volgende voorwaardes:
 - (i) Dat die verhuring vir 'n tydperk van een jaar sal duur vanaf 01 Januarie 2025 tot 31 Desember 2025;
 - (ii) Dat huurgeld ten bedrae van R120.00 per jaar, BTW uitgesluit, betaalbaar gaan wees;
 - (iii) Dat geen betaling vir diensteverbruik betaalbaar gaan wees nie; en
 - (iv) Dat geringe en interne instandhoudingswerk van die fasiliteit deur en op koste van die huurder onderneem word;
 - (v) Dat die groter instandhoudings- en opgraderingswerk deur en op koste van die Munisipaliteit onderneem word;
- (b) Dat, ingevolge paragraaf 13.1.3 van die Bate Oordrag Beleid, sal die Malmesbury Physical Culture Club 'n prioriteitsbehoefte in die gemeenskap bevredig, deurdat dit lede akkommodeer wat gewigoptel beoefen asook diegene wat moontlik aan die sport wil deelneem.

7.5 HERNUWING VAN VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 327, KLIPKOPPIE, MALMESBURY AAN DIE NATIONAL TRANSMISSION COMPANY SOUTH AFRICA SOC LIMITED VIR DIE GEBRUIK DAARVAN AS 'N RADIOHERHALERSTASIE (12/2/4-8/4)

Daar is verskeie instansies wat gedeeltes van Erf 327, Klipkoppie Malmesbury vanaf die Raad huur vir kommunikasie-verwante bedrywighede.

Die huurkontrak met *ESKOM SOC Ltd* het verval en die Nasionale Transmissiemaatskappy van Suid-Afrika (*NTCSA SOC Ltd*), wat 'n filiaal van *ESKOM* is, het versoek dat die huurkontrak in die naam van die *NTCSA* hernu word om 'n radioherhalerstasie te bedryf.

7.5/...

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat, ingevolge Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van 'n gedeelte van Erf 327, Klipkoppie, Malmesbury, aan die 'National Transmission Company South Africa (NTCSA) SOC Ltd', onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
- (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van drie jaar sal duur vanaf 01 Januarie 2025 tot 31 Desember 2027;
 - (ii) Dat 'n huurbedrag van R4 858.62 per maand (6% eskalasië per jaar) (BTW uitgesluit) betaalbaar sal wees;
 - (iii) Dat die eiendom slegs aangewend word as 'n radio-herhalerstasie en vir geen ander doel nie;
 - (iv) Dat die huurder moet verseker dat die infrastruktuur/installasie nie enige ander huurder of die verhuurder se installasie belemmer of steurings veroorsaak nie en aan die nodige veiligheidsstandaarde moet voldoen; en
 - (v) Dat die infrastruktuur wat opgerig is deur die huurder duidelik gemerk word vir identifisering van infrastruktuur op die perseel;
- (b) Dat, ingevolge paragraaf 13.1.1 van die Bate Oordrag Beleid, die huurder voorheen die eiendom gehuur het van die Munisipaliteit en al die verpligtinge nagekom het in terme van die huurooreenkoms.

7.6 VOORGESTELDE VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN MUNISIPALE GEBOU, ERF 1217 ABBOTSDALE, GELEË IN SONNEBLUMSTRAAT AAN ABBOTSDALE JEUG ONTWIKKELINGSORGANISASIE (12/1/3/1-1/1)

Die gebou op Erf 1217, Abbotdale is 'n duplex en word een gedeelte daarvan gehuur deur die Abbotdale Buurtweg. Sinethemba het die ander gedeelte gehuur, maar het vroeër die jaar die huur opgesê.

Die Raad het goedkeuring verleen dat die eiendom verhuur word vir gemeenskapontwikkelingsdoeleindes.

BESLUIT

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014) goedkeuring verleen word vir die verhuring van 'n gedeelte van die munisipale gebou, geleë op Erf 1217 Abbotdale, Sonneblomstraat, by wyse van 'n direkte verhuring aan die Abbotdale Jeugontwikkelingsorganisasie, onderworpe aan die standaard voorwaardes asook die volgende voorwaardes:
- (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van een jaar sal duur vanaf 01 Januarie 2025 tot 31 Desember 2025;
 - (ii) Dat 'n huurbedrag van R120.00 per jaar (BTW uitgesluit) betaalbaar sal wees asook betaling vir diensteverbruik;
 - (iii) Dat die munisipale gebou slegs vir die voorsiening van 'n gemeenskapsontwikkelingsdiens aangewend word en vir geen ander doel nie; en
 - (iv) Dat die huurder die NGO registrasiesertifikaat, sodra dit ontvang is van die Departement Sosiale Ontwikkeling, aan die Munisipaliteit sal voorsien;
- (b) Dat, in terme van paragraaf 12.2.1.4 van die Bate Oordrag Beleid, dit in die belang van die gemeenskap sal wees om die eiendom te verhuur vir gemeenskapontwikkelingsdoeleindes.

7.7 VOORGESTELDE VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN VAKANTE VRAGSKEEPHOUER GELEË OP 'N GEDEELTE VAN DIE RESTANT VAN ERF 551, DARLING (DE VLEI AMFITEATER) (ENTREPRENEURS BESIGHEIDSHUB) AAN DIE GEMEENSKAPSPOLISIEFORUM (GPF DARLING) VIR KANTOORSPASIE (17/2/2)

Die vakante vragshouder/...

7.7/...

Die vakante vragseephouer vorm deel van die RSEP-projek op Darling waarvan vier vragseephouers verhuur word aan plaaslike entrepreneurs.

Die bestuurskomitee van die RSEP-projek het versoek dat daar voorstelle vanaf sekuriteitsmaatskappye ingewin word vir die huur van die vakante vragseephouer – geen voorstelle is ontvang nie. Daar is, in oorleg met die bestuurskomitee, besluit om 'n gedeelte van die vakante skeepvraghouer aan die Gemeenskapspolisieforum van Darling te verhuur.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014) goedkeuring verleen word vir die gratis verhuring van die vragseepshouer, geleë op 'n gedeelte van Restant van Erf 551 Darling, (entrepreneur besigheidspasie by De Vlei Amfiteater) aan die Gemeenskapspolisieforum (GPF Darling), onderworpe aan die standaard voorwaardes asook die volgende voorwaardes:
- (i) Dat die verhuring vir 'n tydperk van een jaar sal duur vanaf 01 Januarie 2025 tot 31 Desember 2025;
 - (ii) Dat geen huur asook diensteverbruik betaalbaar sal wees nie; en
 - (iii) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die interne instandhouding van die fasiliteit;
- (b) Dat, weens die feit dat die voorgestelde transaksie deel uitmaak van die munisipale strategiese doelwitte om gemeenskapsveiligheid aan te moedig, die gratis verhuring van die vragseepshouer aan die GPF goedgekeur word vir die lewering van gemeenskapsveiligheidsdienste aan die publiek.

7.8 UITSTAANDE DEBITEURE: OKTOBER 2024 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Oktober 2024.

7.9 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Oktober 2024 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN KOMPAKTEERVRAGMOTOR, CK 21988 (8/1/B/2)

Die kompakteervragmotor, CK 21988 word in die Swartland munisipale gebied gebruik vir die lewering van 'n vullisverwyderingsdiens.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk (*hopper floor, one blade cylinder and one slide cylinder*) aan die kompakteervragmotor, CK 21988 ten bedrae van R121 726.11 (BTW uitgesluit) deur Transtech;

7.10/...

- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Transtech die ondersteuningsagent van die Heil-kompakteerder in die Wes-Kaap is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R121 726.11 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-51-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.11 ADDENDUM TOT KONTRAK: DARLING GREEN UTILITY SOLAR PV AANLEG (8/2/21; 16/2/2)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het in September 2024 goedkeuring verleen vir die uitstel van die inbedryfstelling van die Darling Green Utility Sonaanleg tot 20 Januarie 2025.

'n Versoek is vanaf Darling Grene Utility ontvang om die datum uit te stel na 28 Februarie 2025.

BESLUIT

(op voorstel van A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die addisionele vertraging soos deur Darling Green Utility (DGU) verklaar;
- (b) Dat daar kennis geneem word van die aanvaarding van die addisionele vertraging in terme van die spesifieke klousules van die ooreenkoms (PPA);
- (c) Dat daar kennis geneem word dat dit nie nodig is om 'n Artikel 116(3)(b) proses te deurloop as gevolg van die oorspronlike Force Majeure insident nie, en die gepaardgaande impak op die inbedryfstellingsdatum van die son aanleg nie;
- (d) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om 'n 2 de Addendum tot die PPA te kan onderteken om die nuwe inbedryfstellingsdatum van 28 Februarie 2025 te bevestig;
- (e) Dat DGU in kennis gestel word dat geen verdere verdragings geduld of goedgekeur sal word.

**(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER**